17.2 RAPPORT ONDERSTEUNINGSFONDS

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Sinode-opdragte*

1.1.1 *Die Trustees van die Fonds word bemagtig om, wanneer dit nodig word, addisionele bydraes vir die Ondersteuningsfonds te hef; hierdie addisionele bydraes, soos deur die Aktuaris bereken, te bekom by wyse van 'n oproep in die kerkverband om vrywillige bydraes vir die doel in te samel, indien nodig*.
Dit was nie vir die Trustees nodig om 'n oproep in die kerkverband te doen nie.

1.1.2 *Aan die Trustees word opdrag gegee om die verdere bestuur van die Ondersteuningsfonds te reël kragtens die Reglement hiervoor*.

(a) Die bestuur van die Fonds is volgens die Reglement gereël.

(b) Ter wille van duidelikheid is die doel van die Fonds soos volg geformuleer: Die doel van die FONDS is om die beroepsongeskiktheidsvoordele hierin beskryf aan LEDE te voorsien met inbegrip van die tyd waarin 'n lid nie deur sy Kerkraad geakkommodeer kan word nie of wat hy wag totdat hy weer 'n beroep van 'n ander Kerkraad ontvang.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Aan die benoeme Trustees word opdrag gegee om die verdere bestuur van die Ondersteuningsfonds te reël kragtens die Reglement hiervoor.

2.2 Gee uitvoering aan alle sake waaroor die Sinode besluit het.

2.3 Die Finansiële State word as ongepubliseerde Bylae vir hierdie Rapport aangeheg en is reeds voor die Sinode aan die Deputate Pre-Advies Finansies en Ouditkomitee beskikbaar gestel. Die Finansiële State sal in die Handelinge van die Sinode gepubliseer word.

Rapporteur: